Hoërskool Marais Viljoen High School

8 Maart 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 6 (2019)

1. GRAAD 12-8ste PERIODE

Ons graad 12's het op Woensdagmiddae van 14:00 tot 14:45 en Donderdagoggende van 07:00 tot 7:40 ekstra klas. Tydens hierdie klasse gaan die personeel aan met die sillabus, m.a.w. dit is nie opsioneel vir die leerders om die ekstra klasse by te woon nie. Hierdie klasse is verpligtend. Ons doen 'n beroep op ons ouers om seker te maak dat die kinders by die skool is vir die ekstra klasse.

2. SBA'S

Neem asseblief kennis dat alle SBA's by die skool moet bly en nie huis toe mag gaan nie. Volgens departementele beleid moet alle SBA's altyd by die skool wees. Die leerders ontvang egter hulle SBA's nadat dit gemerk is en die memorandums word met hulle bespreek sodat moontlike foute in die merkproses reggestel kan word.

3. EKURHULENI SPORTSKOOLTOEKENNING

Marais Viljoen is aangewys as die beste sportskool in Ekurhuleni. Dit is die derde agtereenvolgende jaar wat ons hierdie toekenning ontvang. Natuurlik is ons baie trots hierop. Twee van ons leerders, Sheneca Smith en Gustav de Lange is as die Sportvrou en –man vir 2018 aangewys. Ons is baie trots op hulle en wil graag al ons afrigters, sportmanne en –vroue en ook u as ouers gelukwens met hierdie besonderse prestasie.

4. WEDSTRYDE

Volgens die regulasies mag slegs die "medics" op die veld gaan wanneer 'n speler 'n besering opgedoen het. Dit is slegs in uitsonderlike gevalle waar die afrigter of enige iemand anders op die veld toegelaat word.

Neem asseblief ook kennis dat ons leerders altyd in hulle skooldrag sportbyeenkomste bywoon. Spelers trek ook na hulle wedstryde weer hulle skooldrag aan, want ons is trots op ons skool en uniform.

5. INSPEKSIE

Neem asseblief kennis dat daar weer inspeksie sal plaasvind sodra die skool vir die nuwe kwartaal open.

6. SPORTTOERE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Ons Rugby-, Hokkie- en Netbalspelers gaan hierdie vakansie op kampe en toere. Ons wens hulle sukses toe.

7. 15 MAART

Alle leerders skryf op hierdie dag 'n Afrikaans toets.
Die skool sal om 11:00 sluit.

8. REGSTELLING IN DIE DAGBOEK

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT 30 APRIL NIE 'N SKOOLVAKANSIEDAG IS NIE. Ons vra om verskoning indien dit enige ongerief veroorsaak het.

9. EERLIKE LEERDERS

Ons wil die volgende leerders bedank vir hulle eerlikheid: Alyssa Herbert, Shana Beukes, Armand van Wyk, Tristan Daley, Pallo Moikangoa, Cameron Uys, Quine Wright, Lianke Botha, Tayla Wallett en Tarah-Lee Groenewald wat onderskeidelik geld, selfone, juwele, sakke en klere opgetel en ingehandig het. Baie dankie!

10. PROGRAM

Maandag 11 Maart	Hulpklasse : Gr 8 – 12 Gholf: A-liga en uitspele Hokkie seuns vs Willowmore Revue oefening	14:15 – 15:15 18:00 – 21:00
Dinsdag 12 Maart	Wiskunde ekstra hulpklasse: Gr 8 en 9 Hokkiemeisies: Reddam Revue oefening	14:15 – 16:00 18:00 – 21:00
Woensdag 13 Maart	Graad 12-8ste periode Hokkie: Seuns (A) Chairmans en Reddam Revue oefening Rugby: HTS Daniel Pienaartoer	14:15 – 15:00 18:00 – 21:00
Donderdag 14 Maart	Graad 12-8ste periode Hokkie: Seuns vs CBC Boksburg Wiskunde ekstra hulpklasse: Gr 8 en 9 Rugby: HTS Daniel Pienaartoer	07:00 – 07:40 14:15 – 16:00
Vrydag 15 Maart	Toets Skool sluit	 11:00

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING